*Vrydag* 9 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 9:18-31

Fokusgedeelte: Matteus 9:27-28 (AFR53)

Glo in die magtige Koning Jesus wat kan verlos!

Om blindheid te genees, is en was nog altyd nie iets wat net sommer so gebeur nie. Die Here Jesus raak egter net hulle oë aan, en hulle oë gaan oop. Die vrou wat 12 jaar lank siek was (vorige perikoop), raak net die Here Jesus se kledingstuk aan en word gesond. Hy gryp die owerste se dogter aan die hand, en sy lewe weer! *Dis die mag en die gesag en krag wat die HERE Jesus het*. Swakke mense, ellendige mense, hulpbehoewende mense, dooie mense, soos ek en jy, red Hy. Hulle kon weer lewe! Ons kan weer lewe in ons HERE Jesus!

Die twee blindes noem die Here Jesus die Seun van Dawid. Dit beteken vir seker dat Hy iemand belangrik vir hulle was, en dat Hy baie waarskynlik ook 'n Koning in hulle oë was. En nou val dit op dat hulle vir hierdie belangrike Koning vra om hulle barmhartig te wees. Het Hy tyd vir sulke sukkelende mense, sulke ellendige mense? Irriteer hulle Hom nie? Is hulle nie 'n oorlas vir Hom nie? Nee, alles behalwe. Hy genees hulle. Hy het tyd vir hulle. Hy het juis gekom om die wat ongesteld is, te genees (Matt. 9:12).

Na die genesing beveel die Here Jesus die twee blindes om Hom nie bekend te gaan maak nie. Die Here Jesus moenie bekend word as 'n wonderdoener nie. *Hy is op weg na die kruis toe!* En niks mog dit verhinder nie. Hierdie magtige, groot en belangrike Koning is op weg na die kruis toe. Hy het die lydingsweg ingegaan sodat ons weer ons Vader mag sien, in die geloof. Glo in hierdie belangrike Koning, die Seun van Dawid, Jesus, die Christus! Om Hom te sien in die geloof is ware verlossing.

*Sing: Psalm 30-1:1, 4*

*Ds. R (Reinhart) Boersema (Vaalwater)*